God se Woord is Soet … & Bitter

Openbaring 10

Lees Openbaring 10:1-11
Esegiël 2:9-3:3
Jeremia 15:16

‘n Klein boekie

Wat geneem & geëet moet word …



Wat beteken dit om die boek te eet?
* Dit beteken dat dit soet en lekker en vullend is vir jou lewe
* Dit beteken ook dat dit jou sleg kan laat voel – dinge gebeur wanneer jy dit lees
* Maar iets moet gebeur!

Verwag jy dat God se Woord jou lewe gaan verander?

Verwag jy dat God iets vir jou kom sê wanneer jy dit lees?

Verwag jy om te groei?

Verandering is iets waarna ons moet uitsien – dis goed en reg!

Hoe het jy gevoel toe jy die tekste gelees het?
Watter gedeeltes het spesifiek vandag met jou gepraat?

Om te eet?

- Om te lees sodat: “A good book must be like an ice-ax to break the frozen sea within us” (Kafka)
- Jes 31:4: “Soos ’n leeu of ’n jong leeu, nadat hy ’n skaap gevang het, lê en grom (*hagah*) om dit op te pas ...”

Pakhuis

Karl Barth (Walker Percy)



Daar was ‘n gemeenskap wat in ‘n pakhuis gebly het met vuil vensters en geen deure, maar hulle was tevrede met hul lewe en het so aangegaan.
Die kinders het die geluide van vliegtuie en soldate buite gehoor, maar nie verstaan wat dit is nie. Hulle het met tye deur die vensters probeer kyk, maar hul ouwers was kwaai dat hulle dit nie nodig het om te kan sien nie.
Hulle bou toe ‘n deur en hardloop uit. Toe hulle opkyk, sien hulle die vegvliegtuie en verstaan vir die eerste keer die bewegings en geluide wat hulle nou-en-dan gehoor en gesien het.

Om God se woord te lees, en toe te laat dat dit ons verander, is om ‘n deur oop te maak tot ‘n nuwe wêreld – ‘n wêreld wat sin maak.

C.S. Lewis (An Experiment in Criticism)

- Lees om te *<u>gebruik</u>* vir jou eie belang: intellektueel, prakties, inspirasie
- Lees om die outeur se doel te *<u>ontvang</u>*

Hoe lees jy die Bybel?
* Vir jou eie belange?
* Raad om prakties te leef?
* Inspirasie vir die dag?

Almal is reg, maar jy moet ook lees om:
* GOD BETER TE LEER KEN.

Hoe gaan dit jou lees van die Bybel verander?

Luister om te volg

Die Woord van God is die
primêre teks vir ons lewe
ipv ons ervarings/belewenisse
“All right knowledge of God
is born of obedience” (Calvyn)



As gelowiges, is die Woord van God ons hoofmaal: om *<u>Jesus</u>* te leer ken, te begryp waarheen Hy loop, en om dan in Sy spore te volg, eet ons Sy Woord(e)

‘n Klein boekie

Dit smaak soos …

Lees Jakobus 3:2-12

Wanneer jy hierdie teks lees:
*** Wat hoor jy?**
*** Hoe bid jy daaroor?**
*** Hoe gaan leef jy dit?**

Persoonlik

Die drie-enige God praat met ons nie bloot net vir informasie (reg dink) nie, maar vir formasie & transformasie (navolging/dissipelskap)

Luister

Ons lees die teks

Ons reflekteer oor die teks

Ons bid die teks

Ons leef die teks

Vrae

- Glo jy dat God praat & dat ons Hom kan hoor?
- Glo jy dat God werk deur mense wat gehoorsaam leef aan Sy Woord?
- Glo jy dat God ons roep om deel te neem aan Sy herskeppingswerk – juis ook d.m.v. ons roeping om Sy Woorde aan ander te spreek?
- Glo jy dat dit belangrik is om, daarom, eers God se Woorde te “eet” voordat ons dit aan ander spreek?

Vrae

- Op watter maniere is God se Woord soms soet soos heuning, maar ander kere weer bitter?
- Hoe roep God jou vandag, spesifiek, om Sy Woord te “eet” & dit te spreek aan ander?
- Op watter maniere kan jy intensioneel jou tyd, ritmes, lewe & dagboek inrig om die stem te hoor van die God wat praat?